# GENADE WAT LEI TOT DIE BEOEFENING VAN GELOOF, HOOP EN LIEFDE

Hebr 10:11-25

ONBESKRYFLIKE GENADE

**Ons voel almal soos Gandhi**. Hy het op ’n tyd gesê: “***Ek het drie vyande****. Eerstens, die Britte wat regtig maklik is om te beïnvloed. Dan die Indiese mense wat moeiliker is. Maar my mees gedugte opponent is ’n man genaamd Mohandas K. Gandhi. Met hom lyk dit vir my het ek min, indien enige invloed!”*

Soos **Paulus** half moedeloos uitgeroep het: *“Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.”* (Rom 7:15) *“Ek ellendig mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?”*
Op ons eie sukkel ons. Op ons eie kan ons nie wen nie. Maar dan gaan Paulus verder:
*“ Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.”* (:24,25)

Dit is GENADE – ’n geskenk wat ons nie verdien nie.
**Gelowiges beleef presies wat U2 sing:**

*What once was hurt*
*What once was friction*
*What left a mark*
*No longer stings*
*Because* ***grace*** *makes beauty*
*Out of ugly things*
***Grace*** *finds beauty*
*In everything*
***Grace*** *finds goodness*
*In everything*

Daar was lank terug ’n **konferensie oor wêreld godsdienste**. Toe het die beroemde C.S. Lewis by die konferensie ingestap en gevra: *“Waaroor gaan al die bohaai?”* Hulle het hom vertel hulle wou weet wat maak die Christendom **uniek**. C.S. Lewis het dadelik geantwoord: *“Oh, that's easy. It's grace.”* Almal op die konferensie het saamgestem! Al die ander gelowe het *voorwaardes*, maar Christene weet God se genade is onvoorwaardelik.
**Dis hoekom dit so groots is om ’n Christen te wees, want ons aanbid so ’n grootse God!**

Ons VIER vanoggend God se genade, maar die tekens op die nagmaalstafel herinner ons: **God se genade is nie goedkoop nie**. Dit is DUUR genade. Dit het sy Seun se lewe gekos. Jesus was priester en offer tergelyk.
**Die priesters voor Jesus** se taak was soos die van 'n *huisvrou:* dit kry nooit end nie. Jy bly aan die aankant maak, uitvee en afstof, skottelgoed was en klere stryk. Jy is pas klaar, dan moet jy weer voor begin. Dis soos daardie *kersies* wat jy nie doodgeblaas kry nie. Jy dink net hy is dood, dan vlam hy weer op. So moes die priesters gedurig weer offers bring vir die sondes van die mense. Hulle moes as't ware gedurig **op hulle voete** bly.
Maar lees net weer :12 . Jesus **kon gaan sit** nadat Hy sy offer vir mense se sondes gebring het, want *een maal was genoeg*. Sy offer was **volkome voldoende**. Die nagmaal is daarom nie 'n *herhaling* van sy offer nie, maar 'n *herinnering* aan sy offer: vers 14.
Die Hebr skrywer (:16,17) haal dan Jeremia 31:33, 34 aan, wat **The Word on the Street** wonderlik vars weergee:
*"God says this is my side of the New Contract: I'll plant my principles in their deep places, tattoo my ideas into their thinking." And more, "I'll wipe the mess off their slates permanently. I'll lose the hard drive that holds the charges and evidence against them. I'll forgive and forget."*

*Amazing Grace* – Genade, onbeskryflik groot! Kan ons die Here ooit dankbaar genoeg wees vir Sy genade?

<u>BEOEFEN GELOOF</u>

**God se genade het sekere konsekwensies vir ons lewe**. Lees maar weer wat daar staan in vers 21 en 22: *"En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, laat ons tot God nader met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid…"* Jesus Christus het ons sondes afgewas met sy bloed. **As ons dit glo**, hoef ons nie meer *'n skuldige gewete* te hê nie. Hy het vir ons die pad na God toe oopgemaak. As ons dit maar net wil **glo**, kan ons nou *self na God toe gaan* en 'n priester of predikant hoef dit nie meer namens ons te doen nie.
LAAT ONS dit dan doen: laat ons God se **teenwoordigheid opsoek**! Laat ons gebruik maak van die voorreg. Moenie vir Hom *wegkruip* soos wat Adam en Eva gedoen het nie; of *weghardloop* soos 'n Jona nie. Moet Hom ook nie *vermy* soos wat sommige se gewoonte is of Hom doodgewoon *ignoreer* nie: Ek staan op in die oggend, trek aan, eet, gaan werk toe, kom terug in die aand, kyk TV en gaan slaap – behalwe as daar probleme is, DAN bid ek.
Wat help dit iemand betaal ten duurste vir my **vliegtuigkaartjie** om my kind te gaan besoek, maar ek gebruik dit nie? Wat help dit ek het **'n**

**telefoonverbinding** om met my verloofde te kan kommunikeer, maar ek skakel nooit die nommer nie! Jesus het ten duurste betaal sodat ons met God kan kommunikeer en in 'n liefdesverhouding met Hom kan lewe. Laat ons dan die verhouding koester en uitbou. Laat daar kommunikasie wees tussen ons.

<u>BEOEFEN HOOP</u>

LAAT ONS, so gaan die skrywer verder in :23, *"styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het."*
As u **terugblaai** na die begin van die boek, sal u daar kan lees dat die brief gerig is aan 'n groep Joodse Christene om hulle te waarsku teen verslapping en afvalligheid. Hy roep hulle op om nie die hoop wat die evangelie in hul lewe gebring het, weer te laat vaar nie.
Hoop word meermale as 'n ANKER voorgestel. Dit herinner aan die woorde in Kol 1:23 "*Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle* ***nie laat losruk*** *van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle gehoor het nie*." Hoop is die anker van ons lewensbootjie in die storms van die lewe. Om die hoop te laat vaar is soos om die ankertou deur te sny. Dan kan ons huweliksbootjie en lewensbootjie maklik op die rotse loop.
Ons hoop is **nie op mense** nie. Mense stel teleur. Mense kom en gaan. Hulle sterf, vertrek, bedank of word afgedank. Na wat die afgelope week of twee in die sport- en korporatiewe wêreld gebeur het, besef 'n mens net weer hoe GELUKKIG dit is dat ons hoop nie op mense gevestig is nie! Ons hoop is **op God**. Hy is getrou. Hy kom sy beloftes vroeër of later na. Hy het integriteit. Soms sukkel ons maar om aan die hoop vas te hou, maar gelukkig hou Hy vir ONS vas!

<u>BEOEFEN LIEFDE</u>

God is genadig, laat ons daarom GELOOF en HOOP en derdens LIEFDE beoefen deur na mekaar *om te sien* en mekaar *aan te spoor* – lees vers 24, 25: …
**Ons het mekaar se omgee en aansporing nodig. Coenie Burger** skryf: *"Daar is seker dinge in die lewe wat 'n mens op jou eie, as individu kan probeer doen – maar om reg en behoorlik in die Drie-enige God te glo is nie een daarvan nie."* (Ontdekkings in die erediens, p19*) "Persoonlike ontmoetings met die Here kan nooit die gemeenskaplike ontmoeting van die gemeente met die Here in die erediens vervang nie." (a.w. p19)*
*"Dit mag dalk moontlik wees om jou geloof op jou eie in stand te hou vir 'n tyd, maar kenners sê dat dit menslik amper onmoontlik is om sonder die gemeente of breër geloofsgemeenskap so 'n geloof vir jou kinders aan te gee. Dit is 'n groot deel van die verhaal van Europa. Ouers wat in die kerk grootgeword het, het besluit om die kerk te verlaat sonder om hul*

*geloof te verloor. Hulle kinders word buite die kerk groot en, ongelukkig, ook meesal sonder geloof.* ***Vir die oordrag van geloof speel die geloofsgemeenskap en 'n sinvolle erediens 'n deurslaggewende rol****."* (a.w p20)

Ons het mekaar se aansporing nodig om te kan volhard in liefhê en goeie dade. **Aansporing** kan natuurlik op verskillende maniere geskied. Bv? (vermaan, dreig, straf, beloning, waardering – *blaming, shaming and complaining*)
Gedrags-sielkundiges het bewys dat die beste aanmoedigings metodes wat getoets is op mens en dier, nie straf, pyn, manipulasie of omkoop is nie, maar... **positiewe terugvoer!** Wat my **laat wonder**: Gee ons, gee ek, *genoeg* positiewe terugvoer? Is ons regtig daarop *ingestel* om aan ander waardering te gee?

SAMEVATTING: Ons vier vandag die nagmaal. God se **genade** oor ons was en is groot! Laat ons die **geloof beoefen** en tot God nader met 'n opregte hart en volle geloofsversekerdheid; laat ons die **hoop beoefen** deur vas te hou aan sy beloftes en laat ons **liefde beoefen** deur na mekaar om te sien en mekaar aan te spoor.

Amen
15/11/09